

AFDELING C.

INDIËR-ONDERWYS IN NATAL 1868-1940.

(NATAL 1868-1893).

1. Inleiding.

Agt jaar nadat die eerste Indiër-kontrakarbeiders in Natal aangekom het, het die owerheid vir die eerste keer aandag aan die onderwys van hulle kinders gegee. Om te voorsien in die behoeftes van die kinders in Durban en die omliggende plantasies is 'n toelae in 1868 aan Eerw. Ralph Stott gegee om hom in staat te stel om die ouer leerlinge in 'n aandskool bymekaar te bring, en in 1869 'n toelae vir die ander leerlinge in 'n dagskool. (1)

Van die begin af was die beleid van die owerheid dus een van hulpverlening. Vir die aandskool is geen skoolgelde gevra nie en die £12 staatstoelae wat per jaar ontvang is, het gegaan vir die onderwyser se salaris en vir lig en ander toevallige uitgawes. In die dagskool het die onderwyser 1/- per maand van elke kind ontvang en £24 per jaar van die staat. Albei die onderwysers het hulle onderwys in Indië ontvang, maar net die een in die dagskool was opgelei. (2)

Deur medium van Engels is onderrig gegee in lees, skryf, spel, rekene en aardrykskunde. Die onderwys was egter uiter meganies en elementêr. Die geboue, uitrusting en voorrade was ondoeltreffend en die tekort aan bevoegde en opgeleide onderwysers 'n probleem.

Twee plantasieskole wat bestaan het, is gesluit. As redes hiervoor is genoem die onverskilligheid van die ouers en die tekort aan onderwysers.

(1) Natal: Annual Report on Education 1874. Lieutenant-Governor; 10.

(2) t.a.p.; 88-89.

Die Superintendent van onderwys het aan die hand gedoen om deur bemiddeling van die Beskermheer van Indiërs 'n opgeleide onderwyser in Indië te werf wat in staat wou wees om kinders as onderwysers op te lei en om dan van hulle dienste gebruik te maak en hulle 'n geskikte salaris te betaal. (1)

Die aandag is ook op die noodsaaklikheid van Indiër-onderwys gevestig deur die "Coolie"-kommissie in 1872. Ook het hulle aanbeveel dat verpligte onderwys sorgvuldig oorweeg moes word. Hierdie gedagte is ook deur die Superintendent in 1873 uitgespreek toe hy aanbeveel het dat die skoolbesoek van Indiërkinders op plantasies verplig gemaak moes word. Die Onderwyskommissie van 1874 het ook aanbeveel dat alle Indiërkinders binne 'n redelike afstand verplig moes word, onder die toesig en met die goedkeuring van die Beskermheer van Indiër-immigrante, om skool te besoek. (2)

2. Die "Indian Immigrant School Board" en die beleid van hulpverlening.

Tenspyte van die aanbevelings van bogenoemde kommissies was dit nie voor 1878 dat die eerste poging aangewend is om vir Indiër-onderwys werklik iets te doen nie. In hierdie jaar is wet No. 20 gepasseer wat voorsiening gemaak het vir 'n Raad genoem "Indian Immigrant School Board." (3) Die wet het die plichte van hierdie skool-"board" ook omskryf. Hulle moes veral hulp verleen aan bestaande skole, en die skole wat so hulp ontvang het, is reeds gegroep as ondersteunde skole.

In Februarie 1879 het die "Board" 'n omskrywe gestuur aan almal wat van Indiërarbeiders gebruik gemaak het. Die doel was om die werkers se sienswyses in te win oor die beste metodes vir die oprigting en onderhouding van skole,

(1) Natal: Annual Report on Education 1874. Lieutenant-Governor; 7.

(2) Kannemeyer: A Critical Survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 32.

(3) t.a.p.; 36.

en tot watter mate hulle sou bydra vir die oprigting van skole op hulle eiendomme. Die antwoorde was teleurstellend. Veral drie uit dieses werkgewers het heeltemal negatiewe, afbrekende kritiek gelewer. (1)

'n Tweede stap van die "Board" was om 'n inspekteur van skole van Madras te kry. Die aansoek is in September 1879 gedoen, maar eers op 9 September 1881 het George Dunning, voorheen hoof van die hoërskool, Chitaldrug, Madras, in Natal aangekom. Aan hom is opgedra om sake te ondersoek en verslag te doen. Hy het twee verslae ingedien, maar albei die verslae het die "Board" nie bevredig nie. (2)

Die planters was ook nie tevrede nie, want op 5 Maart 1882 het die Victoriase Plantersvereniging beweer dat Dunning te veel tyd bestee het aan die kinders van die kontrakarbeiders en die opvoedkundige behoeftes van die vry-Indiërs verwaarloos het.

Aan die einde van November 1882 is Dunning ontslaan, en toe is F. Colepeper, waarnemende Beskermheer van Indiër-immigrante, as inspekteur aangestel. (3)

Colepeper moes ook gereeld verslae indien, en omdat hy in kontak met die onderwys was, was hy die persoon wat aanbevelings kon doen, maar van sy aanbevelings het egter min tereg gekom. (4)

In 1883 het 'n gekose komitee die wenslikheid uitgespreek dat die hoofinspekteur van blanke skole ook elke jaar oor Indiër-onderwys verslag sou doen. In 1885 het die "Board" besluit: "That the services of the present inspector be disposed with, and that His Excellency be requested to allow the board to engage the services of the Superintending inspector as inspector of Indian Schools." Daar is dan ook besluit dat Colepeper in kennis gestel sou word dat die "Board" nie tevrede was met die wyse

(1) Konnemeyr: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 48-49.

(2) t.a.p.; 49-50.

(3) t.a.p.; 51.

(4) t.a.p.; 100-105.

waarop hy sy pligte uitgevoer het nie, dat hulle 'n gebrek aan ywer en energie aan sy kant opgemerk het en dat dit in die opinie van die "Board" sou lei na "a stagnation detrimental to the cause of Indian education in this Colony".⁽¹⁾ Colepeper is egter nooit ontslaan nie.⁽²⁾

Die "Board" het net bestaan tot 1894, toe wet No. 5 van daardie jaar die hele wet No. 20 van 1878 herroep het en die "Board" en die "Council of Education" afgeskaf het. Hierdie wet het voorsiening gemaak vir 'n Departement van Onderwys waaronder alle onderwys (Blankes, Naturelle en Indiërs) sou val. Onder hierdie nuwe Departement het F. Colepeper die inspekteur van Indië-⁽³⁾onderwys geword.

3. 'n Toename van die inskrywing in staats- en ondersteunde skole.....

Die volgende skole het in hierdie periode bestaan:-

(a) Staatskole: Wet No. 20 van 1878 het reeds die skool-¹ "Board" die reg gegee om skole te stig, maar in Oktober 1883 is die eerste skool eers in Durban geopen. Later is Umgeni en Tongaat bygevoeg.

(b) Ondersteunde skole: Volgens hulle beheer was hulle ingedeel in (i) skole onder die "Board" en (ii) skole onder sendelinge.

(c) 'n Derde soort skool wat ook later hulp ontvang het was die privaatskole, wat ook bekend was as "Private ⁽⁴⁾venture Schools."

(d) 'n Vierde groep was aan⁽⁵⁾skole.

Kannemeyer het die werk en die skoolbesoek van die drie "Board"-skole met drie van die beste ondersteunde skole vergelyk en tot die volgende gevolgtrekking gekom:

(i) Dat die standaard in die "Board"-skole hoër was.

(ii) Dat die skoolbesoek in die "Board"-skole beter was. Omdat die "Board"- of staatskole die staat baie meer gekos het as die ondersteunde skole, was Colepeper in 1884

gewillig om die "Board"-skole aan sendinggenootskappe te ⁽⁶⁾corhandig

(1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 146.

(2) t.a.p.; 147-148. (5) t.a.p.; 61-62.

(3) t.a.p. 150-151. (6) t.a.p.; 61.

In 1881 was daar nog maar 22 Indiërkinders op skool. Hiervan was 22 meisies. Meisies het dus feitlik glad nie die skole besoek nie(1).

Vir die jare 1882 tot 1893 vind ons die volgende aantal skole en leerlinge:

Tabel 48.
Aantal skole en leerlinge, 1882-1893. (Natal)

	Staatskole.		Ondersteunde skole		
	Skole	Leerlinge	Skole	Leerlinge.	
1882	-	-	10	323	
1885	3	205	22	1275	
1888	3	226	22	1665	
1891	2	293	25	1977	
1893	2	340	24	2249	(2)

Nie alleen het min kinders die skool besoek nie, maar baie het weer die skool verlaat en veral op 'n stadium toe hulle nog geen of feitlik geen baat kon vind by die onderwys wat hulle ontvang het nie. In 1888 was die helfte van die Indiërkinders van skoolgaande ouderdom nog nie op skool nie. (3)

Die volgende tabel toon die aantal en kwalifikasies van leerlinge wat die skool verlaat het in die jare 1885 tot 1892:

Tabel 49.
Leerlinge wat die skool verlaat het, 1885-1892. (Natal.)

	Beginners	Lees	Lees en skryf	Lees, skryf en rekene.	
"Board"skole	459	143	106	111	
Ondersteunde skole	4507	931	593	454	(4)

Die oorgrote meerderheid in staats- en ondersteunde skole was dus nog maar beginners toe hulle die skool verlaat het.

4. 'n Tekort aan geneeg en goedopgeleide onderwysers.

Daar was 'n nypende tekort aan onderwysers. Vanaf Indië en Mauritius het daar maar 'n paar gekom, veral voor 1884. (5)

- (1) Natal: Annual Report on Education 1881, Lieutenant-Governor.; 14.
 (2) Natal: Annual Report on Education 1895, Supt. inspector of Schools; 46.
 (3) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 71.
 (4) t.a.p.; 122.
 (5) t.a.p.; 92-93.

Omdat die Transvaalse goudvelde en die sakewêreld aantrekliker was, kon kwekelinge ook nie onder die Indiërs in Natal gewerf word nie. Die toestand was so haglik dat inspekteur F. Colepeper naturelle-onderwysers aanbeveel het, maar die "Board" het geweier. (1)

Intussen is van blanke onderwysers (manlik en vroulik) gebruik gemaak om aan die dringendste behoeftes te voorsien. So was daar in 1892 sewe blanke dames onder die 63 onderwysers wat in diens was. (2)

In 1887 het die "Board" verklaar dat die enigste manier om onderwysers te voorsien die oprigting van 'n opleidingskollege was. Verligting is egter reeds in 1890 teweeggebring deur die stelsel van "Leerling-Onderwysersopleiding." Hierdie stelsel is in 1883 ingevoer. (3)

Die leerling-onderwysers was egter baie jonk en hul le kwalifikasies laag. (4) Die volgende is die kwalifikasies van die 13 leerling-onderwysers wat in 1885 in diens was:-

Tabel 50.
Kwalifikasies van leerling-onderwysers, 1885. (Natal)

Standaard	Lees	Vakke Skryf	Rekene.
II	1	3	2
III	12	10	11

(5)

Die kwalifikasies van die ander onderwysers was ook baie laag. Die Durbanse Modellaerskool was die enigste wat tot standaard VII gegaan het en in 1885 was daar net een onderwyser wat daar onderwys ontvang het. In die ander skole was standaard IV die hoogste klas. Van buite Natal het net een onderwyser gekom wat definitief matriek gehad het. (6)

In 1885 het net 3 uit 38 onderwysers die klas IV-Onderwyser-sertifikaat van Mauritius gehad. Die ander was

- (1) Kuppusami: Indian Education in Natal, 1860-1946; 33-34.
 (2) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 33-34.
 (3) t.a.p.; 97.
 (4) t.a.p.; 99.
 (5) t.a.p. 101.
 (6) t.a.p.; 100.

onopgelei. In die eerste klas staatskole in Mauritius is 'n assistent nie erken as hy nie tenminste die klas III-sertifikaat besit het nie. Die klas IV-sertifikaat is dus laag. ⁽¹⁾

Al was die onderwysers toegelaat om in baie gevalle die skoolgelde te behou, tog was die salarisse swak. Leerlingonderwysers het maar 5/- tot 10/- per maand ontvang. As voorbeeld word die salarisse in die Durbanse "Board"-skool hier gegee.

Hoofonderwyser	£84 per jaar en 'n huis.
Eerste assistent	£36 per jaar en 'n huis.
Tweede assistent	£30 per jaar.
Leerling-onderwyser	£6 per jaar.
Tweede leerling-onderwyser	£3 per jaar. (2)

5. 'n Stadige vermeerdering van die uitgawes en inkomstes.

Die "Board"-skole was die eerste staatskole en hulle is van alles voorsien en is onderhou op koste van die "Board". Die skoolgelde wat hierdie skole ontvang het, is alles in die koloniale skatkis inbetaal en het so deel uitgemaak van die algemene inkomste van Natal. ⁽³⁾ Hierdie skoolgelde was nie veel nie. Die hoogste jaarlikse bedrag was die vir 1892 nl. £31.3.6. ⁽⁴⁾

Die volgende tabel toon die uitgawes in "Board"-en ondersteunde skole vir die jare 1885 tot 1893:-

Tabel 51.

Uitgawes: "Board"-en ondersteunde skole, 1885-1893. (Natal)

1885	£1461-4-3
1887	£1251-6-4 (5)
1889	£1588-4-5.
1891	£1549-3-11.
1893	£1816-0-1. (6)

Die uitgawes het dus maar stadig gegroei.

(1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; L02.

(2) t.a.p.; 82.

(3) t.a.p.; 57.

(4) t.a.p.; 120.

(5) t.a.p.; 57.

(6) t.a.p.; 120.

Die koste per leerling vir die jare 1885 tot 1888 was soos volg:

Tabel 52.

Koste per leerling, 1885-1888. (Natal).

	1885	1886	1887	1888	
"Board"-skole	19/7	33/4	43/5	32/-	
Ondersteunde skole	22/11	19/9	17/11	16/3	(1)

Hieruit blyk dit dat die koste per leerling in die "Board"-skole heelwat hoër was as in die ondersteunde skole. Die koste per leerling in die ondersteunde skole toon ook 'n daling.

Die hoeveelheid geld wat jaarliks vir Indiër-onderrys gestem is, is nooit alles gebruik nie. Veral voor 1882 is net 'n klein deel van hierdie geld jaarliks gebruik.⁽²⁾

6. Die instelling van 'n skaal van Toelaes.

Volgens wet No. 20 van 1878 het die "Indian Immigrant School Board" die mag gekry om enige laerskool te ondersteun, opgerig of instand ghou deur privaat persone vir die opvoeding van Indiërkinders. Maar eers op 27 November 1881 het die "Board" besluit om skole tussen Durban en Verulam te ondersteun. Die volgende skaal van toelaes is toe neergelê)

Tabel 53.

Skaal van toelaes, 1881. (Natal)

Toelae per maand.	Skoolbesoek.
£2 - 0 - 0	20 tot 30
£2 - 10 - 0	30 tot 40
£3 - 0 - 0	40 tot 50.
£4 - 0 - 0	50 tot 60.

Die skoolgelde sou wees 3d per maand vir die kinders van kontrakarbeiders en 6d per maand vir ander kinders.

Toe hierdie toelaes geen onderwysers getrek het nê is hulle deur die volgende vervang:

- (1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal 1860-1937; 58.
 (2) Natal: Annual Report on Education. 1879; 14.
 Vgl. ook. Annual Reports on Education. 1880; 8-12 en 1881; 14.

Skaal van toelaes. 1882. (Natal)

Toelae per maand.	Skoolbesoek.
£3 - -	20 tot 30
£3 10 -	30 tot 40
£4 - -	bo 40.

(1)

Waar daar in 1874 maar net £68 aan toelaes betaal is, was die bedrag vir 1884, £626-5-0 en vir 1891, £984. In 1878 was daar nog 'n toelae van £3-5-0 vir resultate en £2-0-0 vir skoolbesoek.

In 1886 was die "Board" verplig om te besnoei. Aansoeke vir toelaes is geweier en in 1887 is die toelaes met 25% verminder, omdat die geld wat vir Indiër-onderwys gestem is, verminder is.

Die "Board" het egter nie 'n vaste beleid gehad wat betref die toekenning van toelaes veral vir meubels, skoolboeke en geboue nie. In 1882 wou hulle in hierdie verband nog geen toelaes gee nie. Later het hulle dit wel na willekeur gedoen. So het hulle in 1892 'n boutoelae geweier omdat daar nie fondse vir bou-toelaes was nie, maar op 'n vergadering in Oktober 1892 (dieselfde jaar) is 'n bou-toelae vir 'n ander skool goedgekeur. Hierdie gebrek aan 'n vaste beleid is nog verder bewys deur 'n bewering in April 1894, nl. dat dit teen die gewoonte van die "Board" was om gelde te stem vir boutoelaes.

Onder die volgende voorwaardes kon skole opgerig word:

- (i) 'n Klaskamer, huis vir die hoof en meubels moes voorsien word.
- (ii) 'n Bevoegde onderwyser moes aangestel word.
- (iii) Die Skool se bestuur moes die inspekteur tevrede stel. Die uitbetaling van toelaes was onderworpe aan die voorlegging deur ontvangers van 'n kwartaal-likse staat wat aangetoon het hoe die toelaes uitgegee is.

(1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal. 1860-1937; 77-78.

(2) t.a.p.; 81

(3) Natal: Annual Report on Educ. 1878; 8, 16.

(4) Kannemeyer: A Critical Survey of I. E. in Natal 1860-1937; 81.

(5) t.a.p.; 83-84.

(6) t.a.p.; 85.

Wanneer die skoolbesoek te laag gedaal het is die toelaes teruggetrek. In 1889 het die "Board" besluit om toelaes maandeliks in stede van kwartaalliks te betaal. Ook ~~dat~~ ^{het} hulle alleen toelaes aan suiwer Indiërskole goed-gekeur. Skole wat te naby mekaar was het nie hulp ontvang nie. Die inspekteur het verslag gedoen oor alle skole wat vir hulp aansoek gedoen het, en hy het ook die toelaes aanbeveel. Betalings is gedoen deur die sekretaris van die "Board."⁽¹⁾

7. Die aanwending van Bonusse, pryse en Beurse.

Die beleid van hulpverlening het ook die toekenning van bonusse, pryse en beurse ingesluit. Onderwysers het in aanmerking gekom vir bonusse as hulle gedrag bevredigend was. Ondersteunde skole het in aanmerking gekom as hulle bestuur die toelae-ontvanger en die inspekteur tevrede gestel het. Vanaf 1887 tot 1893 is jaarliks bonusse toegeken wat gewissel het van £25 tot £50.⁽²⁾

Om die skoolbesoek van die leerlinge te bevorder, het wet No. 20 van 1878 reeds voorsiening gemaak vir pryse. Vanaf 1884 tot 1893 is jaarlikse pryse toegeken. Die bedrae het gewissel van £13 tot £36. In 1884 het Colepeper reeds getwyfel of pryse enige gunstige uitwerking het.

Reeds in 1883 is beurse aanbeveel vir Indiërkinders in blanke skole. Dit is egter nie duidelik in hoeverre hiervan gebruik gemaak is nie.⁽³⁾

8. Betaalbare Skoolgelde en Vry-Onderwys.

Wet No. 20 van 1878 het bepaal dat die skoolgelde vir die kinders van vry-Indiërs 1/- per maand sou wees en dat die kinders van kontrakarbeiders vry onderwys sou ontvang. Hierdie bepaling is egter nie letterlik

(1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal 1860-1937; 86-87.

(2) t.a.p.; 88-89.

(3) t.a.p.; 91.

uitgevoer nie soos blyk uit die volgende tabel:

Tabel 55.

Skaal van skoolgelde in "Board"- en ondersteunde skole, 1879-1891 (Natal).

1879-1881	6d. tot 3/- per m. in alle skole.	(1)
1885-1891	3d. tot 6d. p. m. in "Board"-skole.	
1882	3d. tot 1/3 p.m. in "Board"- skole.	
1885-1886	3d tot 1/6 p.m. in ondersteunde skole.	
1887	3d. tot 2/3 p.m. in ondersteunde skole.	(2)
1888-1889	3d. tot 2/- per m. in ondersteunde skole.	

Uit hierdie tabel blyk dit dat daar geen vasgestelde skoolgelde vir die verskillende jare was nie. Die skoolgelde in die "Board"- skole was ook laer as in die ondersteunde skole. Net in die geval van 'n paar skole is geen skoolgelde betaal nie.

Die volgende tabel bewys tot wattermate daar wel vry-onderwys was in die jare 1889 tot 1893. Vir hierdie doel is twee "Board"- skole en vier van die beste ondersteunde skole geneem:

Tabel 56.

Vry-leerlinge in 2 "Board"- skole en 4 ondersteunde skole, 1889-1893. (Natal)

	1889	1890	1891	1892	1893.
Totale aantal leerlinge	682	688	757	1026	913
Aantal vry-leerlinge	273	394	425	413	370
Persentasie vry-leerlinge	40.03	57.27	56.14	40.25	40.53.

Uit bostaande blyk dit dat die onderwys nog maar gedeeltelik vry was.

9. Die Samestelling van 'n Leerplan en 'n stelsel van Standerds.

In die grotere skole het die leerplan bestaan uit: Lees, skryf en rekene met 'n minimum grammatika, aardryks-

- (1) Natal: Annual Reports on Education 1881: Lieutenant-Governor; 14.
 (2) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 104-105.
 (3) t.a.p.; 106-107.

kunde en geskiedenis. Tekene is in 'n paar skole bygevoeg en sang in 'n paar ander. Baie aandag is aan liggaamsoefeninge gegee. In 'n aantal skole is naaldwerk ook ingevoer.

Die "Indian Immigrants' Commission" (1885-1887) het aanbeveel dat ernstige pogings aangewend moes word om aan Indiërkinders 'n onderwys te gee wat die meeste voordele vir hulle sou inhou. Colepeper was selfs gewillig om alle Indiërskole in industriële skole te verander, en het toelaes aanbeveel waar industriële onder-
(1)
rig gegee is.

Die werk van die skole is vir die eerste keer deur 'n eksamen getoets in November en Desember 1885. Aanvanklik is net Standerds I, II en III getoets. Die vereistes vir die eksamen is in besonderhede opgestel en het ingesluit Engels, Skrif en rekene. Aardrykskunde is onder Engels ingesluit. In 1886 is die vereistes vir Standaard
(2)
I A en Standaard IV bygevoeg.

Hierdie leerplan was reeds moeilik, maar moes ook nog deur 'n vreemde voertaal en swak gekwalifiseerde onderwysers onderrig word.

'n Ondersoek van die eksamen-resultate vanaf 1885 tot 1893 toon egter twee belangrike feite:

(i) Daar is elke jaar net 'n deel van die leerling getoets.

(ii) Die persentasie geslaagdes onder die wat wel getoets is, was besonder hoog.

Die volgende tabel gee die persentasie geslaagdes in die verskillende vakke in die jare 1885 tot 1893:-

(1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 108-112.

(2) t.a.p.; 114.

Persentasie geslaagdes, 1885-1893. (Natal)

	Lees	Skrif	Rekene.
1885	97	89	76
1886	92	88	77
1887	85	84	72
1888	79	81	70
1889	80	90	70
1890	86	91	74
1891	89	94	80
1892	80	92	78
1893	88	93	84

(1)

Dis opmerklik dat die kleinste persentasie geslaagdes elke keer in rekene is.

Die volgende tabel toon die aantal geslaagdes in die verskillende standers, 1885-1893:

Tabel 58.

Aantal en Persentasie geslaagdes in die verskillende standers, 1885-1893. (Natal)

	IA	I	II	III	IV.
	%	%	%	%	%
1885	24	52	28	19	1
1886	24	28	25	15	7
1887	24	38	18	13	6
1888	29	28	23	16	4
1889	40	27	15	13	4
1890	44	31	16	7	2
1891	42	30	16	9	3
1892	36	30	20	11	3
1893	39	29	18	10	3

(2)

'n Geweldige verlies is egter veroorsaak deurdat 'n groot aantal leerlinge jaarliks nie geïnspekteer is nie.

Die volgende tabel gee die aantal en persentasie leerlinge wat van 1885 tot 1893 nie geïnspekteer is nie.

(1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 116.

(2) t.a.p.; 117.

Aantal en Persentasie leerlinge wat nie geïnspekteer is nie, 1885-1893. (Natal)

	Aantal nie ge- ïnspekteer nie	Persentasie nie geïnspek- teer nie.	
1885	443	63	103
1886	467	59	
1887	497	61	
1888	673	67	
1889	673	67	
1890	806	66	
1891	888	64	
1892	923	62	
1893	940	59	
		(1)	

Meer as die helfte van die leerlinge is dus gedurende hierdie jare nie geïnspekteer nie.

10. Die Saam-skoolgaan van Indiërs en Blankes.

Die Onderwyskommissie van 1874 het aanbeveel dat die onderwys in Natal nie bevooroordeel sal staan teenoor enige "sect, party or creed" nie. Daarna is die teenwoordigheid van nie-blanke kinders in blanke skole deur die Luitenant-Goewerneur goedgekeur en op 27 Augustus 1875 is neergelê dat alle skole in Natal, wat ondersteuning van die regering ontvang het, oop sou wees vir alle klasse. (2)

Wet No. 20 van 1878 het bepaal: "It shall be lawful for the Board, subject to the provisions of this Law, to take such measures as it may deem expedient for promoting the education of the children of Indian parents in this Colony, by means of schools established under the provisions of the educational laws of 1877, or by means of schools established or to be established for the special instruction of such children." Die "Board" kon dus ook van die bestaande blanke skole gebruik maak.

(1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal 1860-1937: 119.

(2) t.a.p., 33-34.

Die versekering dat die staats- en ondersteunde skole vir alle klasse van die gemeenskap oopgestaan het, is aan hoofde van skole gegee in 1882, 1884 en 1885.

Omdat die toerusting en die gehalte van die onderwys in die Indiërskole hopeloos en onaantreklik was, het die beter klas Indiërs van die voorreg gebruik gemaak om hulle kinders in blanke skole te sit. In 1880 het ongeveer 60 Indiërkinders blanke skole besoek. Van die 123 kinders in blanke skole wat in 1881 bo die ouderdom van 15 jaar was, was 37 Indiërs. (1)

Intussen het die blankes al meer en meer ontevrede geword omdat Indiërkinders hulle skole besoek het. Hierdie saak is in die "Council of Education" bespreek, maar in die Wetgewende Raad het die koloniale sekretaris egter meegedeel dat die regering nie van plan was om die regulasie te verander nie wat nie-blanke kinders toelaat om blanke skole te besoek.

Hierdie onderwerp het later heelwat bespreking in die wetgewende vergadering uitgelok en in Mei 1894 is die hoop uitgespreek dat die tyd aangebreek het dat dit nie langer moontlik sou wees om die volgende toneel te aanskou nie: "The Indian child, the Kaffir umfaan, and the White Cherub walking hand in hand down our streets go partake of instruction at the same school."

Op 22 Februarie 1894 is in die "Council of Education" besluit dat in enige omgewing waar 'n Indiër- of Naturelle skool bestaan het, kinders van daardie nasionaliteite, nie as vry-leerlinge in staatskole sou toegelaat word nie. (2)

In April 1894 het die "Council" besluit dat dit wenslik was "That where Native and Indian children claim to be admitted to government schools, in places where other existing facilities for their education are provided, they should be admitted only after they have exhausted the resources of their own schools, subsidised

(1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 72-73.

(2) t.a.p.: 75.

on their behalf by government, and are capable of taking a place in an advanced class in the school in which they seek to be admitted." Hierdie besluit is deur die regering goedgekeur en 'n omskrywe is aan alle hoofde gestuur.⁽¹⁾

Alhoewel die saam-skoolgaan van blank en Indiër dus in hierdie periode tot 'n mate aan bande gelê is, het dit tog bly voortbestaan.

11. Moeilikhede in verband met Indiër-Onderwys.

Verskillende probleme en moeilikhede het reeds in hierdie periode na vore getree. So was daar 'n groot variasie wat die ouderdomme van die leerlinge betref. Min meisies het die skool besoek. In sommige gevalle het die meisies die skole saam met die seuns besoek, maar vanaf 1888 is pogings aangewend om skole spesiaal vir meisies op te rig. So was daar in 1894 reeds 4 skole net vir Meisies.⁽²⁾

Die skoolbesoek is veral belemmer deur die volgende:

(1) Die vrees van die ouers dat geleerdheid hulle kinders ongeskik sou maak om deur handwerk hulle brood te verdien.

(ii) Kinders kon vanaf hulle sewende jaar volop werk kry en so kon hulle help voorsien in die behoeftes van die huis.

(iii) Die kinders moes hulle ouers tuis help veral in tuine en met die verkoop van vrugte en groente.

Die toestand was soms so erg dat die onderwysers die kinders tuis moes gaan haal en weer tuis besorg. Die skoolbesoek het dus 'n ernstige kompetisie tussen onderwysers en skole uitgelok.⁽³⁾

12. Samevatting.

Sendelinge het op die gebied van Indiër-onderwys in Natal die voortou geneem. Reeds in 1868 het Eerw. Ralph

(1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 76.

(2) t.a.p.; 65.

(3) t.a.p.; 67.

Stott 'n toelae ontgang vir 'n aandskool. Van die begin af dus was die beleid van die owerheid 'n beleid van hulpverlening.

Reeds die kommissies van 1872 en 1874 het op die noodsaaklikheid van Indiër-onderwys gewys, maar dit was eers deur wet No. 20 van 1878 dat die "Indian Immigrant School Board" in die lewe geroep is. Hierdie "Board" is in beheer geplaas van Indiër-onderwys. Hulle het die reg gehad om van bestaande onderwys-fasiliteite gebruik te maak, maar kon ook skole oprig spesiaal vir Indiërkinders. Verder moes hulle hulp verleen aan bestaande Indiërskole.

Aan die einde van hierdie periode was daar 2 "Board"-skole en 28 ondersteunde skole. 'n Onderwysstelsel, wat veral op 'n beleid van ondersteuning gebaseer is, het dus reeds bestaan.

'n Mate van vordering is in hierdie periode gemaak met die ontwerp van 'n skaal van toelaes, die instelling van 'n leerplan en 'n stelsel van standerds. Van bonusse en pryse is ook vry algemeen gebruik gemaak. 'n Vaste beleid het egter nog ontbreek wat betref die toekenning van toelaes vir meubels, uitrusting en skoolgeboue.

Daar was 'n ernstige tekort aan onderwysers(esse) en die wat daar was se kwalifikasies was besonder laag.

Wat die leerlinge betref, was die volgende reeds duidelike kenmerke:

(i) 'n Klein deel van die kinders van skoolgaande ouderdom was op skool.

(ii) Net 'n klein persentasie van die meisies het die skool besoek.

(iii) Die gemiddelde ouderdom van die leerlinge was besonder hoog.

(iv) 'n groot aantal het die skool verlaat voordat hulle 'n aanmerklike voordeel daaruit kon trek.

(v) 'n Aantal Indiërkinders het blanke skole besoek.

In 1894 is die "Board" afgeskaf en die onderwys opgedra aan 'n Departement van Onderwys.